

BELEEF GOD

GROEIGROEP MATERIAAL



BE LEEF GOD REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

(Be)Leef God

God is altyd aan die werk....

God openbaar Hom as 'n verhoudings Vader....

Hoekom bly jy op 'n afstand, God wil hê jy moet Hom beleef en ervaar....

As jy dink die Here is klaar met jou het jy dit mis.....

Jy is 'n gestuurde.....

Reeks boodskappe

- 06 Feb 2022 - Die Realiteit
- 13 Feb 2022 - Die Verhouding
- 20 Feb 2022 - Die Uitnodiging
- 27 Feb 2022 - Die Heilige Gees
- 06 Mrt 2022 - Die Geloofskrisis
- 13 Mrt 2022 - Die Verandering

BELEEF GOD REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

Uit Sondag se boodskap – 27 Februarie 2022

Lees Exodus 20: 18-22 (Afr. 83)

God openbaar Hom as 'n verhoudings God, Hy steek sy hand na ons elkeen uit, om in 'n persoonlike, intieme verhouding met Hom te wees en nooi ons om diensbaar in sy koningryk te wees. Ons weet wie God is, maar ons bly op 'n afstand staan. Ons dink baie keer dat ons nie goed genoeg is nie. Ons is te bang om “ons berg” te klim, om regtig tyd saam met die Here te spandeer, ons het baie verskonings.....ons probeer selfs wegkruip.

Lees Psalm 139:23-24 (NLV); Psalm 40:2-4 (Afr. 83)

Vraag: Is daar areas van jou lewe is wat jy nie die vrymoedigheid het om na God te neem nie, of jou bang maak om teen “jou berg” op te klim, of wat maak dat jy selfs wegkruip?

God praat deur Sy Seun

Lees Hebreërs 1:1-2; Johannes 1:1;14 (Afr. 83)

God het tussen ons kom tent opslaan deur sy Seun Jesus Christus. Jesus is die volle openbaring van God se wese. In Jesus se woorde en dade leer ons.

God ken as 'n God van liefde en ontferming. Ons sien Hom as die Here wat eerder wil red as straf. Jesus het die sluis van ons hemelse redding wawyd bokant ons koppe oopgetrek. Jesus Christus se lewe en boodskap is wat ons Vader aan ons wil kommunikeer – sodat ons Sy hartklop kan hoor en ontvang, Sy uitnodiging aanvaar.....

BELEEF GOD REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

Lees Johannes 14:6-11; Johannes 6:39 (Afr. 83)

Vraag: Wat is in jou lewe van die kritiese elemente uit Jesus se lewe en boodskap?

Nou is dit nie net Moses wat as God se vriend met Hom mag praat in sy tent van ouds nie.

Vraag: Hoekom moes Jesus opvaar na die hemel?

God praat met ons deur Sy Heilige Gees

Lees Johannes 14:15-26; 16:12-15 (Afr. 83)

Vraag: Wat is die take en doel van die Heilige Gees?

Vraag: Die Heilige Gees is vir altyd by ons om ons aan Jesus se woorde en daede te herinner. Beteken dit dat die Heilige Gees nie nuwe waarhede of openbarings na ons toe bring nie?

BELEEF

GOD
REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

Hoe ontvang ek die Heilige Gees?

In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. Een waarheid wat dwarsdeur die Bybel duidelik is, is dat God met sy mense praat.

Net soos Moses direk van aangesig tot aangesig met God by die brandende bos was, so was die dissipels van aangesig tot aangesig met God in hul persoonlike verhouding met Jesus. Hul ontmoeting met Jesus was 'n ontmoeting met God. Wanneer hulle na Jesus geluister het, het hulle na God geluister.

Die oomblik dat ons God in ons lewe innooi, is ons "in Christus" en word 'n nuwe mens (2 Kor. 5:17 Afr.83). Ons gees is nie meer van God geskei nie, maar wedergebore, herskep, vernuwe. Ons word totaal nuut gemaak, nou en tot in ewigheid. Die Heilige Gees begin om ons van binne af te vernuwe – eers ons siel en uiteindelik ons liggaam. Vanuit sy nuwe posisie begin die Heilige Gees alles in ons herprogrammeer totdat ons gesindheid, ons emosies, ons ambisies en uiteindelik ons hele persoonlikheid en ons gedrag soos die van 'n verlose kind van God begin lyk en klink.

Vraag: Dink bietjie na oor hoe jy die Heilige Gees as jou reisgenoot beleef, wanneer jy 'n aktiewe verhouding met God het?

Moenie verras wees wanneer jy die Heilige Gees begin beleef en ervaar nie en die Here alles aan jou openbaar nie.

BE LEEF

GOD
REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

Vraag: Op watter manier(e) het God al tydens die Be(Leef) reeks met jou gepraat?

Wanneer die Heilige Gees vrye toegang na al die kamers van ons lewe het, dan word ons vol van vreugde. Ons wat Jesus ken, het nie net geloofsekerheid nie, Nee, ons het ook Heilige Gees sekerheid! Hy is God se geskenk aan ons om die egtheid van sy werke in ons lewe te bevestig.

God praat deur Sy Woord

Wanneer ek tot die Woord van God nader, is die Skrywer self teenwoordig om my te onderrig. 'n Ontmoeting met die Heilige Gees is 'n ontmoeting met God.

Lees 1 Johannes 5:7-8 (Afr. 53/33)

Die Bybel is 'n verhouding-deurdrenkte boek. Die Bybel is geskryf deur 'n gelukkige hemelse familie. Die Vader, Seun en Gees is al 'n ewigheid lank die gelukkigste familie in die hele heelal. En Jesus het aarde toe gekom om ons deel te maak van hierdie familie.

Lees 2 Timoteus 3: 16-17

Vraag: Oor ongeveer hoeveel jare is die Bybel geskryf en deur hoeveel mense?

BELEEF GOD REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

Vraag: Wat leer vers 17 vir jou oor God se uitnodiging en jou “berg”?

Vraag: Bespreek wat dit vir jou beteken : “God se uitnodiging aan my is ‘n leefwyse, ‘n leefroete”

...ons is gestuurdes

Voordat God jou geskep het, het Hy presies beplan hoe en waar Hy wil hê jy met jou lewens platvorm sy koningryk kan uitbrei. Hy het jou vir die taak gevorm. Jy is presies soos jy is, omdat jy vir jou spesifieke opdrag gevorm is.

Wanneer die Heilige Gees ‘n geestelike waarheid uit die Woord van God aan jou duidelik maak, pas Hy dit Self op jou lewe toe. Dit is ‘n ontmoeting met God. ***Deur sy Woord te lees en te oordink laat jy God toe om met jou te praat***

- Jy lees die Woord van God
- Die Gees van die waarheid neem die Woord en maak die waarheid aan jou bekend
- Jy pas jou lewe gewillig by God se waarheid aan
- Jy gehoorsaam Hom uit dankbaarheid
- God werk deur jou lewe se platform en in jou om sy koningryk werk uit te brei

BE LEEF

GOD
REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

Vraag: Dink biddend na op watter manier (indien nie reeds) jy jousef passievol besig kan sien met God se werk en jy baie hou van wat jy doen?

Sluit af met gebed

Kerk in Suid Visie

“Waar die Gees lewens en gemeenskappe verander”

Be(Leef) God.

BELEEF

GOD

REEKS

SONDAG 27 Februarie 2022

NOTAS
